

NOVEMBER 2024

Hermanus 028 313 8000
Gansbaai-Stanford 028 384 8300
Kleinmond 028 271 8400

24/7 Munisipale Nooddienste:
Munisipale Dienste 028 313 8111
Brand & Redding 028 312 2400

Bulletin

#overstrand4all

Amptelike nuusbrieff van die Munisipaliteit Overstrand

#C4ourself

PARATE PADBLOKKADEBUSSIES VOORTAAN INGESPAN



Daar om die bekendstelling van Overstrand se eerste PADBLOKKADEBUSSIE gade te slaan, was verkeershoof, Rudi Fraser; SAPD-bevelvoerder (Hermanus), kol. Gustav Tamboer; provinsiale verkeershoof (Caledon), Thembele Qunta; direkteur: munisipale openbare veiligheid, Neville Michaels; verkeerssuperintendant, Patrick Africa; onderburgemeester en burgemeesterskomiteelid vir openbare veiligheid, Lindile Ntsabo; streeksinspekteur: K9-eenheid, Peter Marais; Uitvoerende Burgemeester, dr. Annelie Rabie; veiligheidskoördineerder (Overbergdistrik), Omar Valley; senior verkeerssuperintendant (Theewaterskloof), Romeo Hendricks; en direkteur: gemeenskapsdienste, Seon Swartz. Voor is burgemeesterskomiteelid vir gemeenskapsveiligheid, rdl. Ronald Nutt; assistenthoof: verkeersdienste en lisensiering, Xenophon Titus; en Ultimate Traffic Solutions se HUB, Maurice Kannemeyer, en hooftegnikus, Nathan Jones.

As deel van ons vasberade poging om padveiligheid te verbeter en misdaad te help bestry, gaan ten volle toegeruste mobiele eenhede voortaan oral langs die paaie wat binne Munisipaliteit Overstrand se jurisdiksie val, ontplooi word.

Hierdie minibussies en hul sleepwaens is toegerus met elke denkbare stukkie toerusting wat nodig is om verkeersoortreders daar en dan vas te trek en ons paaie vir eens en altyd van ongelisensieerde/onpadwaardige voertuie te verlos.

Die outomatiese nommerplaatherkenningstelsel waarmee elke padblokkadebussie toegerus is, kan binne 'n ommesientjie bepaal of enige boetes, dagvaardings of lasbriewe uitstaande of hangende is.

Indien só 'n oortreding sou opduik, sal oortreders die geleentheid gebied word om die sakie daar en dan af te handel deur 'n betaling via die Yoco-portaal te maak of via die aanlyn derdeparty-betalingsdiens, Netcash.

Bewys van alle sulke betaling sal onmiddellik vasgelê word.

In gevalle waar 'n oortreder nie van hierdie opsie gebruik kan maak nie of weier om dit te doen, sal 'n gedrukte dagvaarding of waarskuwing (na gelang van die geval) net daar uitgereik word.

Aangesien die vakansieseisoen om die draai is, is ons raad aan motoriste om seker te maak dat alle uitstaande boetes vereffen is vóór hulle in die pad val.

Inwoners van Overstrand wat hulself wil vergewis dat alles in orde is, kan gerus

**hul naaste verkeerskantoor besoek
of die verkeersafdeling kontak by**



028 313 1044 | 8136 | 8936

Ons huis. Ons tuiste. Ons eie.



Vroeg in Oktober het Tertuis Simmers (Wes-Kaapse minister van infrastruktuur) en dr. Annelie Rabie (Uitvoerende Burgemeester), tesame met verskeie raadslede, titelaktes aan 69 begunstigdes in Blompark, sewe in Pearly Beach en ses in Stanford oorhandig.

Die behuisingsontwikkelingsprojekte in beide Blompark en Stanford duur steeds voort.

In Blompark gaan 'n totaal van 539 behuisingseenhede gelever word, waarvan 400 eenhede reeds voltooi en oorhandig is. Van die voltooië eenhede is agt gebou vir en toegewys aan kwalifiserende gestremde begunstigdes.

Die konstruksie van die oorblywende 139 eenhede sal in die 2025/26-boekjaar 'n aanvang neem.

Van die 621 behuisingseenhede wat vir die ontwikkeling in Stanford beplan word, is 300 voltooi en 209 behuisingseenhede is reeds aan begunstigdes oorhandig.

'n Verdere 250 eenhede sal na verwagting teen Maart 2025 voltooi wees.

Burgemeester Rabie het huiseienaars aangemoedig om met trots na hul eiendomme om te sien deur dadelik werk te maak van daardie klein instandhoudings-takies, soos om 'n stukkende ruit te vervang of 'n lekkende kraan reg te maak.



Burgemeester Rabie en minister Simmers oorhandig die titelakte aan 'n oorstelpte 72-jarige Cornelia Moses

IS JOU RIOOLTENK WATERDIG?

Waar 'n eiendom nie by die rioleringsnetwerk kan aansluit nie, het eienaars geen ander opsie as om hulle op 'n riooltenk of septiese tenk te verlaat nie.

Diegene wat van sulke tenks gebruik maak, is verplig om te sorg dat daardie tenk waterdig is.

Die Nasionale Bouregulasies (SANS 10400) stel dit duidelik dat "a conservancy tank or septic tank shall be so designed and constructed that it will be impervious to liquid", wat daarop neerkom dat maatreëls getref moet word om te verhoed dat grondwater die tenk binnesypel en dat riool in die grond dreineer.

In areas waar die watertafel hoog is, word tenks se waterdigtheid dikwels gekompromitteer, veral waar ouer woonhuise ter sprake is en wanneer swaar reënbuie vir dae aaneen uitsak.

'n Duidelike teken dat jou tenk dalk nie waterdig is nie, is wanneer die volume riool wat uit die riooltenk gepomp word die hoeveelheid water wat vir daardie spesifieke tydperk verbruik is, oorskry.

As jy vermoed dat jou riooltenk dalk nie waterdig is nie, kan jy die munisipaliteit versoek om die toestand van die tenk te toets.

Die voorgeskrewe gelde vir só 'n toets sal betaalbaar wees en as die tenk nie die toets slaag nie, sal jy dit dalk binne 'n gespesifiseerde tydsraamwerk op eie koste moet vervang.

Voorts, indien 'n lukrake inspeksie bevind dat jou septiese tenk lek of nie waterdig is nie, kan die munisipaliteit van jou verwag om die riooltenk op eie koste op te gradeer of te vervang.



KOM AAN, PROBEER DIT!



LAAI DIE COLLAB CITIZEN selfoontoep af

Soek die groen Collab Citizen-ikoon in Google Play Store, Apple App Store of Huawei App Gallery



DIENSVERSOEKE vergemaklik en bekostigbaar

Slaggate, gebarste pype, stukkende straatligte en onreëlmatige meterlesings is maar net 'n paar van die tipe versoeke wat talle inwoners gereeld op 'n daaglikse basis onder die munisipaliteit se aandag wil bring.

Hierdie versoeke kan nou moeiteloos aangespreek word deur bloot 'n diensversoek via die Collab Citizen-toep in te dien. Boonop kan inwoners via die toep tred hou van vordering met hul diensversoeke en in 'n oogwink toegang verkry tot 'n rekord van hul interaksies met die munisipaliteit.

- 'n **DIENSVERSOEK** is 'n versoek vir werk wat gedoen moet word.
- Teen einde-September is **10 682** diensversoeke slegs vir die jaar 2024 via die toep ingedien, waarvan **92%** afgehandel is.

BESPAAR ⌚ + 💰

- ✓ **GEEN GEBELLERY OM DIENSVERSOEKE IN TE DIEN OF OP TE VOLG NIE**
- ✓ **GEEN TOUSTANERY NIE**

VERBETERDE FUNKSIES & VOORUITSIGTE

Klaarblyklik sukkel heelwat gebruikers om die korrekte ligging van waar 'n diens versoek word op die kaart te vind. Gevalle soos hierdie duik veral op waar 'n eiendom onderverdeel is of waar die persoon wat die diens versoek, nie die primêre okkupaer is nie.

Voortaan sal gebruikers wat nie hul adres op die kaart kan vind nie, of waar die kaartdiens nie hul adres herken nie, daardie adres kan verander.

Volg die stappe om 'n diensversoek in te dien. Wanneer jy gevra word om jou ligging te kies, besluit of jy die opsie wil uitoefen om jou adres te verander.


Klik dan op **CHANGE ADDRESS**
Tik straat # en straatnaam in

Tik op **RESET ADDRESS**


Daarna kan jy afrol en kies watter tipe diens verlang word.

REKENING- STATE:

Een opwindende vooruitsig is dat ons hoop om so vroeg as volgende jaar volle toegang tot munisipale rekeninge te bied aan verbruikers wat op die toep geregistreer het. Tans kan gebruikers nie hul rekeningstate bekry of toegang daartoe verkry nie. Hulle kan egter via die toep versoek dat saldo's en state per e-pos aangestuur word en selfs navrae in hierdie verband rig.



Só word opvolging vereenvoudig



Ons doen 'n beroep op alle gebruikers om seker te maak dat iemand anders nie dalk reeds dieselfde diensversoek ingedien het nie.

Alle betrokke partye sal vordering met die versoek kan volg, en almal sal presies dieselfde opdatings en terugvoer rakende die versoek ontvang.

**KLIK
OM TE VOLG!**

Mits gebruikers die toep se **"Notifications"**-funksie geaktiveer het, sal hulle vordering met hul versoek van begin tot einde kan volg. Met ander woorde, dit sal nie meer nodig wees om die munisipaliteit te bel om uit te vind hoe sake staan nie.

'n Verwysingsnommer word toegewys aan elke diensversoek wat via die toep ingedien is. Al wat jy hoef te doen om jou versoek te volg, is om na die **"Service Requests"**-knoppie te navigeer en **"My List"** te kies om 'n lys van al jou diensversoeke te sien.

Wanneer jy op 'n diensversoek tik, sal jy die verwysingsnommer en status sien. Byvoorbeeld, **"assigned"** beteken dat jou diensversoek ontvang is en aandag geniet.

Om terugvoer op 'n diensversoek te sien, tik op **"Comments"**.

As jy kommentaar wil lewer op die terugvoer wat jy ontvang het, klik bloot op **"Add Comments"** onderaan die skerm. Die stelsel sal ons outomaties in kennis stel dat jy kommentaar gelewer het, en die betrokke span sal so gou as moontlik daarop reageer.


METERLESINGS

Gebruik die toep om jou eie in te dien!

Om akkurate lesings van water- en elektrisiteitsmeters te verseker, kan jy jou eie lesings (verkieëlik op dieselfde dag elke maand) via die Collab Citizen-toep indien.

AL WAT ONS NODIG HET, IS

- jou rekening-/erfnummer en
- 'n duidelike foto van die meterlesing.



Sake-ondernemings kan ook diensversoeke indien

Voeg bloot **"B:"** aan die begin van jou versoek se beskrywing by en volg dieselfde proses soos wanneer 'n individuele diensversoek ingedien word.

Die opsies wat hier ingesluit word, sluit:

- boubeheer • hersonering • onderverdeling
- toegegroeide erwe en persele • afval • riolering
- water en • wetstoepassing in, om maar net 'n paar te noem.



As jy hulp met gebruik van die toepassing benodig, kan jy die kontaksentrum **24/7** by **028 313 8000** bel.

WWW

Of anders, gaan na <http://www.overstrand.gov.za/> overstrand-collab-citizen-app vir handige wenke en werktuie.



Collab Citizen-toep



Nasionale Teenkorruptsieblitslyn: 0800 701 701

www.overstrand.gov.za

A2